PUBLIKASIES VAN DIE UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
NUWE REEKS

Nr. 25

# DIE KEN- EN WERKWÊRELD van die BIBLIOTEEKKUNDE

deur

PROF. P. C. COETZEE

Intreerede by die aanvaarding van die Professoraat in die Departement Biblioteekkunde, gelewer op 17 Maart 1964.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA,
PRETORIA
1964.

*REDAKSIEKOMITEE*

Prof. dr. B. F. Nel *(Voorsitter, Navorsings- en Publikasieskomitee)*

*Lede:* Prof. dr. D. G. Haylett
Prof. dr. G. Cronje

*Die publikasie van hierdie reeks word moontlik gemaak deur fondse wat deur die Universiteit van Pretoria aan die Navorsings- en Publikasieskomitee beskikbaar gestel word.*

OUTEURSREG
VOORBEHOU

Gedruk deur Aurora Drukpers (Edms.), Bpk., Bloedstraat 274, Pretoria.

PUBLIKASIES VAN DIE UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
NUWE REEKS

Nr. 25

# DIE KEN- EN WERKWÊRELD van die BIBLIOTEEKKUNDE

deur

PROF. P. C. COETZEE

Intreerede by die aanvaarding van die Professoraat in die Departement Biblioteekkunde, gelewer op 17 Maart 1964.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA,
PRETORIA
1964.

Hooggeleerde heer Vise-kanselier en Universiteitsrektor;

Geleerde dames en here, professore, senior lektore en lektore;

Seergeagte dames en here bibliotekarisse;

Geagte studente en ander geagte vriende wat hierdie plegtigheid met hulle aanwesigheid vereer;

Hooggewaardeerde Toehoorders,

Toe die biblioteekkunde 'n kwarteeu gelede sy baie beskeie verskyning aan die Universiteit gemaak het, sou slegs 'n onverbeterlike optimis durf voorspel het dat daar na vyf-en-twintig jaar 'n volwaardige universiteitsdepartement in die vak sou bestaan en dat dit geregverdig sou wees om 'n professoraat daarin in te stel.

In 1937 het dit bekend geword dat die Universiteit van Pretoria oorweeg om met die opleiding van biblioteekbeamptes te begin en om 'n diploma in die biblioteekwese in te stel. Verstandige saakkundiges het dadelik gewaarsku teen hierdie gewaagde stap. Hulle het toe — en nog lank daarna — volgehou dat die vooruitsigte van die Suid-Afrikaanse biblioteekwese so min belofte ingehou het dat dit baie onoordeelkundig was om 'n akademiese opleiding in die biblioteekkunde aan te bied. Buitendien is bedenkings geopper teen enige vorm van akademiese opleiding van bibliotekarisse omdat, so is geargumenteer, die biblioteek self dan die beste leerskool vir die vorming van die bibliotekaris sou wees.

Die Universiteit self het egter voor die probleem gestaan dat hy sy eie biblioteekdienste nie behoorlik kon voortsit en uitbou sonder opgeleide personeel nie en dat die leerplan van die enigste instansie wat in hierdie jare opleiding aangebied het, na die oordeel van die Biblioteekkomitee en die Senaat, nie aan die eise van opleiding vir die personeel van 'n groot studiebiblioteek voldoen het nie. Miskien was dit gelukkig dat die Senaat hom destyds nie geroepe geag het om noukeuriger te ondersoek wat die biblioteekkunde eintlik behels het nie, want die leerstof wat in daardie dae aan die meeste beroepskole in die vak aangebied is, kon akademiese erkenning ternouernood regverdig.

Die radikale wending in die ekonomiese lewe van Suid-Afrika wat in die veertiger jare ingetree het, het die land se biblioteekwese ook ten goede gekom. Alle vertakkings van die land se biblioteekdiens is uitgebrei om aan nuwe vereistes te voldoen. Omdat die Universiteit van Pretoria vroegtydig met biblioteekkundige opleiding begin het, kon die alumni van sy departement biblioteekkunde 'n belangrike rol in die ontwikkeling van nuwe dienste speel. Baie van hulle het reeds vroeg gevorder tot sleutelposisies in die groeiende biblioteekstelsel.

Slegs enkele jare voordat die Universiteit van Pretoria met die opleiding begin het, is daar aan die *Graduate Library School* van die Universiteit van Chicago 'n nuwe meer wetenskaplike rigting in die beoefening van die biblioteekkunde aangekondig. Dit was die begin van 'n ontwikkeling waardeur hierdie wetenskap vandag met reg aanspraak op akademiese erkenning kan maak. Die studie en onderrig van die biblioteekkunde aan die Universiteit van Pretoria het van die staanspoor aangesluit by hierdie nuwe rigting, ondanks die feit dat die biblioteekprofessie hier en oorsee afwysend daarteenoor gestaan het.

Tans is die biblioteekkunde 'n goedgevestigde akademiese leervak wat in Suid-Afrika aan nie minder as sewe Universiteite doseer word nie. Daar bestaan vandag geen twyfel meer nie dat bibliotekarisse aan die Universiteit opgelei moet word, maar daar is nog geen eenstemmigheid omtrent die vrae of die biblioteekkunde inderdaad 'n wetenskap is en oor watter plek dit by die opleiding van bibliotekarisse moet inneem nie. 'n Baie algemene opvatting is dat „biblioteekkunde" slegs 'n versamelnaam is vir 'n aantal hulpvakke waarin nuttige kennis aan toekomstige bibliotekarisse meegedeel word, óf na voltooiing van hulle graadstudie óf terwyl hulle aan die Universiteit 'n ander studierigting volg. Die biblioteekkunde word dan gesien as iets bykomstigs by 'n ander akademiese opleiding.

Die waarde van die biblioteekkunde as volwaardige deel van 'n akademiese vorming word betwyfel omdat, soos beweer word, 'n eenheidstigtende kern vir hierdie vak nie aangetoon kan word nie. Nog in 1952 het Georg Leyh die erkenning van die biblioteekkunde as promosievak aan die Universiteit as 'n *Fehlentwicklung* bestempel. As voortsetter en redakteur van Milkau se monumentale *Handbuch der Bibliothekswissenschaft* is dr. Leyh

iemand wie se gesag nie maklik tersy gestel kan word nie. Hy motiveer sy beswaar soos volg: „ . . . der Bibliothekswissenschaft fehlt als Ganzes der Kristallisierende Kern aus dem sie sich entfaltet. . . . Tatsächlich handelt es sich bei der Bibliothekswissenschaft um ein Nebeneinander von einzelnen Disziplinen, die unter sich nicht inhaltlich, sondern nur durch ein mehr zufällige aussere Schale, der Buchkörper, verwandt sind."[1]

Leyh gaan hier van 'n veronderstelling uit wat taamlik algemeen aanvaar word, naamlik dat 'n wetenskap 'n totaal van gesistematiseerde kennis is betreffende 'n bepaalde fundamentele verskynsel, 'n studievoorwerp. Vanuit hierdie standpunt moet Leyh heeltemal tereg die boek as sentrale studievoorwerp verwerp, want die biblioteekkunde is nie uitsluitend 'n wetenskap van die boek nie. So sien dr. L. Brummel, besondere hoogleraar in die biblioteekwetenskap aan die Universiteit van Amsterdam dit ook: „Een ding moet echter vaststaan," sê hy, „Men kan niet langer volhouden dat het boek in zijn uitwendige aspekten het bindend element is van allerlei kennis en kunde, die dan ten onrechte bibliotheekwetenschap genoemd wordt."[2]

Wat Prof. Brummel verder sê, siteer ek met minder instemming: „Neen, het object van de bibliotheekwetenschap is — wij zullen het uiteindelik moeten erkennen —de bibliotheek." Teen die biblioteek as fundamentele verskynsel waardeur die biblioteekkunde 'n eenheid vind, kan baie van dieselfde besware as teen die boek ingebring word; die biblioteekunde kan nie tot die bestudering van biblioteekprobleme beperk word nie. Word dit wel gedoen, dan sal 'n groot gedeelte van die huidige biblioteekkunde prysgegee moet word. Dit erken prof. Brummel: „Het spreekt vanzelf, dat men wel onderscheid dient te maken tussen de bibliotheekwetenschap en de kundigheden die men bij een opleiding de bibliothecaris meent te moeten by brengen."

Prof. Brummel het gelyk waar hy meen dat dit vir 'n nuwe insig in die aard van die biblioteekkunde nodig is dat „men zich (zal) moeten vrijmaken van de negentiende eeuwse gedachtenwereld, waarbij de problematiek van de bibliotheek zich hoofzakelijk tot de techniek van het interne bedrijf en waarbij men de wetenschap op het literair-historische terrein meende te vinden."

Inderdaad moet ons ons vrymaak, nie net van negentiende eeuse veronderstellings aangaande die biblioteek nie, maar ook van sekere veronderstellings aangaande die wetenskap wat uit daardie eeu stam en vandag nog vrywel algemeen as vanselfsprekend beskou word. Tot hierdie veronderstellings behoort die mening dat die wetenskap gesistematiseerde kennis is en die opvatting van 'n objek van die wetenskap as 'n verskynsel, of 'n samehang van verskynsels wat vir ondersoek voorhande is.

Edmund Husserl het die gedagte dat wetenskap gesistematiseerde kennis is, in alle erns, tot sy konsekwensies deurgevoer toe hy beweer het: „Objektiven Bestand hat die Wissenschaft nur in ihrer Literatur, nur in der Form von Schriftwerken hat sie ein eigenes . . . Dasein; in dieser Form pflanzt sie sich durch die Jahrtausenden fort und überdauert Individuen, Generationen und Nationen."[3]

Hoe belangrik mens die rekord van geleerdheid ook ag as produk en instrument van wetenskap — dit kan tog nie met wetenskap as sodanig vereenselwig word nie! Trouens, dit is merkwaardig dat Husserl nie ingesien het nie dat hy hier 'n fenomeen totaal verkeerd beskryf nie, want 'n paar reëls verder op dieselfde bladsy sê hy: „ . . . also zielt die Wissenschaft auf Wissen." As die wetenskap gerig is op kennis, dan moet dit óf 'n bestaansvorm wees wat 'n doel kan stel, óf dit moet 'n doelgerigte proses van die een of ander aard wees. Daardeur sou hy dan by 'n standpunt beland het naby aan die wat, ongeveer dieselfde tyd, ingeneem is deur Charles Sanders Peirce in 'n opstel oor die sistematiek van die wetenskappe. Om die wetenskappe in te deel, sê Peirce "it is highly desirable that we begin with a definite notion of what we mean by science . . . a notion of science as it exists and not a mere abstract definition." Hy sien dit dan as „a pursuit of living men"; „Science itself, the living process, is busied mainly with conjectures which are either getting framed or getting tested." Gissings, of vermoedens word op feite gebaseer maar gaan verder as die feite omdat hulle daarop gerig is om die samehang van feite begryplik te maak.

Wat in die geheue van wetenskaplike — en in geskrifte as objektiewe geheue — opgeberg is, is nie wetenskap nie, maar die voorlopige resultaat van die wetenskap. Die meeste bestaande wetenskapsisteme vind Peirce dan ook onbevredigend: „most of the classifications of science have been classifications of systematized and established knowledge — which is nothing but the exudation of living science; as if plants were to be classified according to the characters of their gums."[4]

Terloops kan hier genoem word dat die aanvaarding van die tradisionele wetenskapsopvatting in die biblioteekwese gelei het tot die ontwerp van biblioteeksisteme wat die samewerking tussen bibliotekarisse en wetenskaplikes eerder belemmer as bevorder het.

Sodra ons wetenskap as 'n bedryf beskou, as 'n doelgerigte proses wat deur mense uitgevoer word, ontstaan die vraag na die oorsprong en doel van so 'n bedryf. Die logiese idealisme het as doel gesien die konstituering van 'n formele objek van die besondere wetenskap. Die objek waarin die wetenskap dan sy eenheid vind is geen voorhandige studievoorwerp nie, maar 'n ewentuele objek wat aan die einde van die arbeid as produk van die rede tot stand gebring sal wees. Die wesenlike kenmerk van die objek van die wetenskap is sy onvolledigheid. Die objek is self probleem, „unendliche Aufgabe" in die woorde van Paul Natorp. Die wetenskappe — elke wetenskap en alle wetenskappe — is vorme waarin die rede sy nimmereindigende maar steeds vooruitskrydende arbeid van wêreldkonstituering voortsit; „Nur dass diese unendliche Aufgabe je abschliesend gelöst, dass die unendliche Bahn je durchmessen wäre, ist und bleibt ausgeschlossen."[5]

Waarom het die mens hierdie taak wat nooit voltooi kan word nie, opgeneem en waarom sit hy dit met stelselmatige volharding en verfynde waarnemings- en denktegnieke voort? In sy *Umwelttheorie* het die bioloog Jakob von Uexküll 'n antwoord gegee. Dit is omdat die mens as soort, en die menslike individu by geboorte, nie vanself 'n eie natuurlike wêreld het nie. Sy sintuie is nie ingestel op 'n gespesialiseerde seleksie van prikkels nie en sy werkorgane nie gereed vir 'n gespesialiseerde patroon van gedrag nie, of altans nie in so 'n mate dat hy vanself opgewasse is teen die ruwe werklikheid nie. Sy bestaan hang daarvan af dat hy 'n kenwêreld opbou van stellige verwagtings omtrent wat vir hom voorlê, en 'n werkwêreld van tegnieke en instrumente waarmee hy die werklikheid kan hanteer. Uit sy hulpeloosheid, sy onveiligheid, sy angs, moet hy wat óm hom is, eksploreer, klassifiseer, manipuleer, moet hy ook inventief wees. Hy moet die ervaring wat hy deurgemaak het, tot 'n wêreld verwerk, tot 'n sisteem van vastigheid waarin hy 'n mate van veiligheid en 'n rigsnoer vir sy gedrag kan vind.

Trots al die inspanning bly sy wêreld, 'n oop wêreld. Hy lewe voortdurend op die grens tussen die bekende en die onbekende en bevind hom telkens weer in die posisie dat hy nie weet wat om te dink, of te verwag nie, of te doen nie — En die mens kan alles verduur, behalwe een ding: onsekerheid! Uit hierdie angs word ook die wetenskap gebore, met — soos Aristotles reeds gesien het — die drieledige taak: om oorsig en insig te gee in 'n ervaringswêreld; om uit te vind hoe die mens hom moet gedra om trou aan homself te bly; om te weet hoe om veranderinge te weeg te bring, d.w.s. om dinge te maak en te gebruik. Hy bou in die proses, waarin hy na kennis strewe, sy eie wêreld, wat nie, soos die van die diere biologies bepaal is nie, maar 'n biografies en histories geworde wêreld is. Juis omdat die menswêreld biografies bepaal word, is dit in die eerste plek individueel-subjektief, maar omdat die mens in die taal 'n middel uitgevind het om verwerkte ervaring oor te dra, was hy in staat om ook 'n algemene, histories bepaalde, ken- en werkwêreld tot stand te bring, as 'n steeds onvoltooide konstruksie van sy denke.

Elke wetenskap is gerig op die konstituering van 'n kenwêreld en dra by tot die konstituering van 'n werkwêreld. Hierdie kenwêrelde verskil van die algemene kenwêreld, omdat hulle meer gespesialiseer, soms uiters gespesialiseer, is en omdat elkeen sentreer rondom 'n besondere probleem wat lei tot 'n reduksie van die ervaring tot 'n beperkte gebied van relevanthede. Die wêreld van 'n wetenskap kan beskryf word, as die wêreld van 'n denkbeeldige waarnemer wat binne 'n beperkte veld van ervaringsmoontlikhede 'n alsydige perspektief het. Polak, noem sulke denkbeeldige waarnemers „kennisteoretie-

se subjekte," naamlik „de logiese, onwegdenkbare vooronderstelingen, betrekkingscentra van de op hun betrokken gebieden of geldigheden, die zij voor hun deel mogelik maken, constitueren . . . " By wyse van verdere verduideliking siteer ek sy beskrywing van die kennisteoretiese subjek van die wiskundige natuurkunde. Dit is 'n denkbeeldige „eventueel universeel waarnemer . . . uitsluitend begaafd met een zin, de ruimte- of bewegingszin" met 'n kenwêreld beperk tot „wat er voor zulk een eenzinnig waarnemer van heel de werklikheid ooit bij uiterste verfijning van waarnemingsvermogen viel, valt of zal zijn waar te nemen . . . " Die taak van die fisika word so beskryf: „het geheel dezer weer zuiver denkbeeldige, niet in concreto bestaande, objektieve waarnemings-mogelikheden in hun onderlinge wettelike samenhang, dat alles tracht de fysica met methodies, systematies abstraherende eenzijdigheid te doen kennen en in haar steeds exakter beschrijvingen, formules en wetten tot de grootst mogelike eenheid en begryplikheid . . . samen te vatten, als ons objektief waarneembaar geweest verleden rekonstruerend en toekomstige objektieve, gedeeltelik ook individueel te verwerkliken, waarnemingsmogelikheden berekend en met bepaalde graden van waarschijnlikheid voorspellend."[6]

Die fisika is 'n uiterste geval; die meeste wetenskappe veronderstel 'n veel kompleksen waarnemer. Polak se kennisteoretiese subjek is per slot van sake 'n modél waardeur hy 'n pseudo-konkrete beeldvoorstelling gee van die feit dat elke wetenskap met 'n tuigwerk van metodiese begrippe en eie kategorieë 'n samehangende konstruksie opstel wat waargenome voorwerpe en voorvalle begryplik maak, en voorspellings moontlik maak. Hierdie tuigwerk staan in die nouste verband met 'n gespesialiseerde grondprobleem en lei daartoe dat twee wetenskappe dieselfde verskynsels (gesien vanuit die algemene kenwêreld) kan behandel en tog radikaal kan verskil in die resultate — d.w.s. beskrywings, formules en hipoteses — waartoe hulle kom.

Uit hierdie wetenskapsbeskouing volg dat die eenheid van die wetenskap nie in 'n fundamentele verskynsel as studievoorwerp lê nie, maar in 'n grondprobleem, in sy tuigwerk van begrippe en in die kenwêreld of formele objek wat hy in proses is om te konstitueer. As ons die biblioteekkunde met hierdie insig in die aard van 'n wetenskap nader, dan stuit ons op 'n moeilikheid wat ook by ander sogenaamde praktiese wetenskappe voorkom. By hierdie soort wetenskappe word kennis nagestreef, 'n kenwêreld opgebou, ten einde tegnieke en instrumente te ontwerp om veranderinge te weeg te bring, dus om 'n werkwêreld te konstitueer.

Histories gesien, ontstaan hierdie wetenskappe eers na 'n lang voorafgaande, voorwetenskaplike besinning waardeur daar reeds 'n werkwêreld tot stand gebring is. Wetenskaplike besinning tree in ten opsigte van kleiner interne probleme wat te voorskyn kom wanneer geykte tegnieke nie meer heeltemal bevredigende resultate lewer nie. Eers later word met tradisie gebreek en die hele wêreld vanuit 'n sentrale probleemposisie betrag.

Die ontwikkeling van die biblioteekkunde is nogal tipies van die van hierdie soort wetenskap. Die ontstaan as 'n beskrywende en voorskrywende dissipline. Aanvanklik gaan dit byna uitsluitend oor die beskrywing van interne bedryfspraktyke van bepaalde biblioteke wat om die een of ander rede as voorbeeldig beskou word. Hierdie praktyke word dan vir navolging voorgehou, sonder nader ondersoek van die oogmerke waarvoor hulle ontwerp is of van hulle gepastheid in ander omstandighede. Hierdie eerste stadium duur voort tot naby die einde van die negentiende eeu, toe 'n sterk neiging tot normalisering intree wat lei tot die algemene biblioteektradisie wat veral in die Engelssprekende wêreld vandag nog bestaan. Dit was ook in die laaste twee dekades van die negentiende eeu dat die biblioteekkunde in die Verenigde State en in Duitsland as akademiese leervak ingevoer word. Die skamele empiriese inhoud word nou aangevul met historiese en literêre leerstof wat as noodsaaklik of nuttig vir die bibliotekaris beskou word en op die wyse ontstaan die onsamehangende leerplan waarteen vandag soveel bedenkings geopper word. Nadat die biblioteekkunde op die universiteitskampus verskyn het, is die noodsaaklikheid van 'n meer wetenskaplike benadering gevoel en dit is gevind in die toepassing van die ondersoekmetodes die bedryfsleer wat kort van te vore oorgegaan het tot die gebruik van beweging-studies en die beraming van arbeidsbespa-

rende werkprosesse. Hierna word die interne bedryfsoogmerke vir die eerste keer nader bepaal en ontleed. In Nederland vind hierdie rigting 'n sterk voorstander in G. A. van Riemsdyk wie se artikels oor bibliotekale arbeidsorganisasie ook groot invloed by ons in Suid-Afrika gehad het.[7]

Die werk wat veral tussen 1920 en 1935 gedoen is om die grondslae vir 'n biblioteekkundige bedryfs- en bestuursleer te lê, moet nie onderskat word nie, maar dit kon nog geen eenheidskern vir die biblioteekkunde vind nie. In 1933 verskyn daar egter 'n dun boekie — 'n *tract for the times* noem die outeur dit — waarin 'n nuwe wending aangekondig word. Dit was die werk van prof. Pierce Butler van die *Graduate Library School* van die Universiteit van Chicago. Dit is vandag maklik om Butler se sterk positivistiese inslag te kritiseer en te wys op talryke oppervlakkighede en inkonsekwenthede in sy *Introduction to Library Science,* maar hy is die eerste wat 'n ruimer wetenskaplike benadering, bepleit en wat 'n besef toon dat die biblioteekkunde, voordat hy sy aandag aan die interne bedryfsaangeleenthede kon gee, moes afreken met die groter probleem van die funksie van die biblioteek binne die kader van die maatskappy en die kultuur. As Butler homself meer tyd gegun het vir probleemstelling en probleemanalise sou hy ongetwyfeld tot 'n eenheidskern deurgedring het. Soos ander biblioteekmense in Amerika destyds, was Butler diep gekrenk deur die veronagsaming van die biblioteekwese in die sosiaal-politieke ondersoek waardeur die intellektueles van Roosevelt se *New Deal,* rigsnoere vir sosiale rehabilitasie na die groot ekonomiese instorting probeer vind het. Dit gaan by hom dus ook om die bestaansreg van die biblioteek in die moderne wêreld te bepleit. En hy vind die regverdiging in „the fundamental phenomenon of librarianship which is the transmission of the accumulated experience of society to its individual members through instrumentality of books."[8]

Die biblioteekkunde word nou vir hom studie van kultuuroordrag, veral wanneer die boek as instrument gebruik word. Ten gevolge van die besondere medium ontstaan daar 'n aantal probleme waardeur die terrein van hierdie vakwetenskap afgebaken kan word. Hy onderskei dan 'n sosiologiese, 'n psigologiese en 'n geskiedkundige probleem sonder om op te merk dat hy daardeur die biblioteekkunde oplos in 'n aantal dissiplines van die genoemde wetenskappe.

Tog is daar gedagtes in Butler se werk wat, tot hulle konsekwensies deurgevoer, 'n heeltemal ander beskouing vereis. In plaas van „the accumulated experience of society" gebruik hy dikwels die uitdrukking „the record of experience contained in books." Destyds was dit waarskynlik moeiliker as vandag om te besef dat hierdie rekord nie noodwendig in boeke vervat hoef te wees nie, maar dat ander media soos klankopnames, fotografiese en kinematiese weergawes net so belangrik kan wees. Van 'n bibliotekaris met Butler se ervaring sou mens egter verwag het dat hy hom rekenskap daarvan gegee het dat die inhoud van boeke veel meer as 'n „record of experience" was. 'n Rekord is dit ongetwyfeld, maar nie net van ervaring nie, dog ook van gedagtes en bespiegelinge, van insigte en van vlugte van die verbeelding.

Om 'n idee te vorm van die aard en funksies van die rekord, kan ons daaraan dink dat die Latynse woord *recordatio* waarvan dit afkomstig is, beteken, „om weer voor die gees te roep," of „weer in gedagte te bring" en dat die term met verloop van tyd oorgedra is op 'n middel waardeur iets weer onder die aandag gebring kon word, 'n weergawe van iets wat ervaar is, wat gebeur het, gedink of gefantaseer is. 'n Rekord is dan 'n duursame stoflike voorwerp wat op so 'n wyse behandel is, dat dit vashou wat verlore sou gaan indien dit net aan die onbetroubare en verganklike geheue van individue toevertrou sou word. Die rekord is 'n objektiewe, algemeen toeganklike surrogaat vir die geheue, 'n kunsmatige orgaan, wat alles kan bevat wat waardig geag word om blywend in menslike herinnering gehou te word. In hierdie rekord vind ons dan 'n probleemsentrum waarom die biblioteekkunde as wetenskap opgebou kan word.

Bloot uitwendig gesien, is die rekord 'n totaal van stoflike voorwerpe wat soos alle stoflike voorwerpe blootgestel is aan slytasie, verbrokkeling en vernietiging. Een sy van die probleem van die rekord is sy veilige bewaring en versorging wat ook insluit dat sy inhoud deur kopiëring bestendig moet word waar die oorspronklike draers vergaan. Inwendig beskou, is die

rekord potensiële denke en gevoel, bemiddelde ervaring en fantasie; 'n inhoud wat aktueel gemaak word as die rekord op die regte manier gebruik word. Hierdie gebruik is alleen moontlik indien die rekord doeltreffend toeganklik gemaak en ontsluit word. En daarin lê dan die tweede probleem van die rekord.

Lank voordat daar sprake was van 'n biblioteekkunde as vakwetenskap het die probleem van die rekord as praktiese probleem reeds bestaan en is dit deur voorwetenskaplike denke behandel. Die resultaat van hierdie besinning vind ons in die biblioteek in die verskillende vorme wat dit in die loop van die geskiedenis aangeneem en het aanleiding gegee het tot die ontstaan van talle ondergeskikte probleme. Die probleem van die rekord is 'n blywende probleem omdat die rekord wat sy vorme en bestandele betref voortdurend aan veranderinge onderworpe is. Buitendien vind daar ook veranderinge plaas in die wyse waarop die rekord gebruik word en kom daar nuwe tipes rekord-gebruikers in die loop van die geskiedenis by. Die kernprobleem van die biblioteek is 'n praktiese probleem, een van daardie soort probleme wat slegs opgelos kan word deur middele te vind waarmee bepaalde oogmerke bereik kan word. Die uiteindelike taak van die biblioteekkunde is die opbou van 'n werkwêreld wat sentreer rondom die bewaring en gebruik van die rekord, of miskien, meer noukeurig gestel, die uitbouing tot groter doeltreffendheid van 'n bestaande werkwêreld. Dit is 'n ekonomie of huishoukunde, nie van die biblioteek nie, maar van die rekord.

Die geskiedenis van die wetenskappe wat op die oplossing van praktiese probleme gerig is, lewer voorbeelde ten oorvloede van mislukkings wat daaruit voortgevloei het dat werkmetodes op onvoldoende teoretiese kennis gebaseer is. Vir die konstruksie of regstelling van 'n werkwêreld is teoretiese kennis 'n noodsaaklike voorwaarde en sonder sogenaamde basiese navorsing, wat bloot terwille van oorsig en insig onderneem is, moet ondersoek gerig op die uitvinding van tegnieke en instrumente, vassteek by die toepassing van trefmetodes.

Die praktiese probleem van die rekord is die middelpunt van die biblioteekkunde en juis om die probleem aan te durf, moet hierdie wetenskap 'n omvattende kenwêreld konstitueer wat alle sye en vorme van die rekord en sy gebruik raak. Hoewel hy aanvanklik dankbare gebruik sal maak van gegewens wat deur baie ander wetenskappe versamel is, sal die biblioteekkunde al meer en meer op sy eie navorsing aangewese wees. Die rede hiervoor is dat selfs waar die biblioteekkunde na kennis soek op 'n terrein wat byvoorbeeld deur die sosiologie behandel word, sy besonder problematiek maar al te dikwels feite en verklarings sal raak wat vir die sosioloog nie aktueel sal wees nie.

Daar is veral drie rigtings waarin die biblioteekkunde sy kennishorison sal moet verruim en sy insig sal moet verdiep. Dit is in die eerste plek wat die rekord, sy aard, vorme en funksies betref. Dit is nodig om te weet wat die rekord is, hoe dit tot stand kom, hoe dit in die loop van eeue ontwikkel het, wat sy funksies is en sy wisselende verhouding tot die algemene kulturele ontwikkeling van volke en beskawings. 'n Kennis in breë trekke is ook van die inhoud van die rekord nodig. Hierdie kennis is van belang vir die uitvinding van die doeltreffendste bewaarmetodes en sal 'n rol speel in die ontwerp van sisteme vir die doeltreffendste organisasie en ontsluiting. Onder hierdie hoof ressorteer ook die waardebepaling van dele van die rekord en die tegniek om die betroubaarheid van die inhoud te bepaal.

In die tweede plek is dit nodig om gegewens te versamel, te rangskik en te verklaar, betreffende die mense wat by die rekord betrokke is as vervaardigers en gebruikers. Dit sluit 'n magdom van kleiner probleme in wat die mens as ontsyferaar, vertolker en verwerker betref. Die funksie van die rekord bestaan in die besondere uitwerking wat dit op verskillende soorte gebruikers het en is ten nouste verbonde aan die motiewe waaruit, en die oogmerke waarvoor hulle, die rekord gebruik. Kennis van die aard is noodsaaklik om metodes in die ontsluiting en aanbieding van die rekord te ontwerp.

In die derde plek is kennis nodig van die koöperatiewe sisteme waarin mens vrywillig saamwerk, of tot samewerking gebring kan word, om gemeenskaplike oogmerke te bereik. Hierdie sy van die biblioteekkunde sluit aan by die staatsleer, die openbare bestuursleer en die bedryfsekonomie. Kennis van hierdie aangeleenthede is nodig vir die internasionale, die lands-

wye en die interne organisasie van bedrywe vir die uitbreiding, instandhouding en gebruik van die rekord.

Hiermee het ek in baie breë trekke 'n globale program vir die biblioteekkunde as wetenskap geskets. Dit is nie moontlik om tans in nadere besonderhede te tree nie. Ek erken dat ons, biblioteekkundiges, nog maar aan die begin van die uitvoering van die program staan. Die vereiste navorsing sal in hoofsaak uitgevoer moet word deur die akademiese biblioteekkundiges. Dat hulle hierdie taak moet onderneem, is ook vir die onderrig noodsaaklik want doen hulle dit nie dan sal hulle steeds werkkragte oplei vir biblioteke van die verlede, mense wat raad het vir probleme wat reeds opgelos is, maar radeloos staan teenoor nuwe probleme wat deur die wetenskaplike voorsien en byvoorbaat behandel kan word.

Aangesien ons slegs op grond van 'n kennis van die verlede kan vermoed wat die toekoms vir ons inhou, sal die biblioteekkunde altyd 'n sterk historiese inslag moet hê. Trouens is dit my oortuiging dat 'n gesonde historiese insig die beste teenmiddel is teen die verstarring in verouderde metodes wat 'n inrigting soos 'n biblioteek so maklik kan tref en belemmer.

Ek het gekom aan die slot van hierdie rede en wil die geleentheid neem om my dank uit te spreek teenoor die Raad en Senaat van die Universiteit van Pretoria vir die welwillendheid wat hulle die departement Biblioteekkunde toegedra het en in besonder vir die instelling van hierdie leerstoel. Ek dank hulle vir die geleentheid wat my gegun is om deur die departement by te dra tot die ontwikkeling van die biblioteekwese van ons land en 'n beskeie aandeel te hê in die opbou van die biblioteekkunde. Onder die vele wat gehelp het om die biblioteekkunde 'n plek aan die Universiteit te besorg, is daar een wie se naam ek in dankbare herinnering moet roep, wyle prof. H. G. Viljoen wat in 1938 'n energieke aandeel gehad het in die instelling van die kursus en aan wie se ondersteuning dit te danke was dat daar van die begin af 'n vaste rigting ingeslaan is en daar in die rigting volhard is.

U meneer, die Rektor, wil ek bedank vir u voortgesette belangstelling en daadwerklike bystand oor baie jare, maar veral omdat u, naas wyle prof. T. J. Hugo, my leermeester in die wysbegeerte was en by my 'n lewensbeskouing help vorm het wat my benadering tot die biblioteekkunde van die staanspoor af ingrypend beïnvloed het. Dit is aan u te danke dat ek geen genoeë kon neem met 'n leerstof wat bloot beskrywend en reseptekundig was nie en dat ek aansluiting gesoek het by daardie pioniers in die biblioteekkunde wat die vak op 'n basis van wetenskaplik gefundeerde beginsels wou plaas.

Teenoor die Dekaan, prof. A. N. Pelzer betuig ek graag my hoë waardering vir die wyse waarop hy die belange van die Departement Biblioteekkunde steeds op sy hart gedra het en vir alles wat hy gedoen het om die ontwikkeling daarvan te bevorder. Ek sien uit na voortgesette samewerking tussen hom en die departement ten bate van die onderrig en navorsing.

U, dames en here kollegas, bedank ek vir baie vriendskapsbewyse van die verlede. Ek het oor die jare meer van u geleer omtrent my vak as wat u kan besef. Dit is my hoop dat hierdie verhouding tussen ons sal voortduur.

Dames en here oudstudente en ander vriende uit die biblioteekberoep, ook aan u is ek dank verskuldig vir die medewerking wat ek altyd van u gekry het. U het my dikwels probleme uit die praktyk gestel wat my tot denke en ondersoek geprikkel het. Uit u praktiese ervaring het u myne dikwels aangevul. Ek hoop dat hierdie noodsaaklike wisselwerking tussen die akademiese en die beroepsmatige in die toekoms nog gereelder sal word en dat u en ek gesamentlik die gevaar van vervreemding tussen praktyk en teorie sal kan voorkom.

Dames en here studente ek wil u graag verseker dat ek die studente en dosente in die departement beskou as 'n werkgemeenskap wat saam na waarheid strewe. Die onderrig wat ek meedeel het ek nog altyd beskou as 'n noodsaaklike voorbereiding waardeur u medewerkers in 'n gemeenskaplike bedryf kon word.

Gewaardeerde toehoorders, ek bedank u almal vir die belangstelling waarvan u aanwesigheid vanaand hier getuig.

## LIBRARIANSHIP: ITS UNIVERSE OF FACTS AND MEANS.

Twenty-five years ago university education in librarianship put in a modest appearance in South Africa at the University of Pretoria. It was immediately condemned as unnecessary and ill-advised by leaders of the South African library profession. Events have proved that the critics had misjudged the situation and had been too pessimistic. Today at least seven South African Universities offer courses in library science and can hardly cope with the demand.

In retrospect the contents of courses generally offered by library schools in 1938, hardly seem to merit academic recognition if we except the Chicago Graduate Library School whose lead was followed in many respects by the department of library science at Pretoria.

Although there is at present no doubt that librarians should receive a university education, there is no agreement as to the scientific status of library science or its place in the university curriculum. It is still felt, i.a. by Georg Leyh, that what is called library science is little more than an disconnected assemblage of useful knowledge in some way dealing with books. There is, indeed, a great deal to be said for this judgement as long as the conception of a science, as a body of accepted and systematized knowledge, concerning a fundamental phenomenon, is held to be true. Charles Sanders Peirce, as long ago as 1902, opposed to this nineteenth century notion, the idea of a science as an enterprise of living men initiated by interest in a fundamental problem. From this point of view it is possible to find a unifying centre for library science in the problem of conserving and organising for use, the record of human experience, learning and imagination. This allows the integration of the various aspects of librarianship into a coherent whole.

The problem of the record is a practical problem which has been partly and provisionally solved by prescientific thinking resulting in a universe of means: the librarianship of the past and to a large extent of the present, as a totality of techniques and instruments. In order to increase the effectiveness of librarianship as a universe of means, we need a science or theory of librarianship founded on basic research concerning the record, its nature, forms, functions, its various uses and users in the past and present, as well as of those co-operative systems that have been developed for attaining common ends. This body of theory, the universe of facts, should be the basis for anticipating the future.

## BIBLIOTEEKKUNDE: SY KEN- EN WERKWÊRELD.

Toe universitêre opleiding in die biblioteekkunde vir die eerste keer in Suid-Afrika 'n beskeie verskyning aan die Universiteit van Pretoria gemaak het, is dit deur leiers van die biblioteekprofessie veroordeel as onnodig en onbesonne. Die geskiedenis het bewys dat die kritici die situasie swak beoordeel het en te swartgallig was. Vandag kan die sewe universiteite wat in Suid-Afrika opleiding in Biblioteekkunde aanbied, nouliks in die vraag voorsien.

By 'n terugblik kan die inhoud van die kursus wat in 1938 aangebied is deur skole van biblioteekkunde ternouernood beskou word as van so 'n aard dat dit akademiese erkenning regverdig. 'n Uitsondering was die Chicagose Graduate Library School wat die departement Biblioteekkunde te Pretoria in baie opsigte as voorbeeld gedien het.

Hoewel daar tans geen twyfel meer bestaan dat bibliotekarisse 'n universiteitsopleiding moet ontvang nie, bestaan daar geen eensgesindheid nie oor die vak se wetenskaplike status of sy plek in die universiteitsleergang nie. Dit word nog steeds, o.a. deur Georg Leyh, gevoel dat wat biblioteekkunde genoem word, weinig meer dan 'n sameflansing van onsamehangende maar nuttige feitekennis is wat op een of ander wyse op boeke betrekking het. Ongetwyfeld is daar veel vir hierdie oordeel te sê, as ons die opvatting toegedaan is dat 'n wetenskap 'n geheel van aanvaarde, gesistematiseerde kennis is aangaande 'n fundamentele verskynsel. So ver terug as 1902 het Charles Saunders Peirce teenoor hierdie negentiende eeuse beskouing die gedagte geplaas dat 'n wetenskap 'n bedryf van lewende mense is wat ontstaan uit interesse in 'n fundamentele probleem. Uitgaande van die standpunt kan ons 'n eenheidstigtende kern vir die biblioteekkunde vind in die probleem van die bewaring en ontsluiting van die rekord van menslike ervaring, geleerdheid en fantasie. Daardeur kan die verskillende sye van die biblioteekkunde as 'n samehangende geheel integreer word.

Die probleem van die rekord is 'n praktiese probleem wat ten dele en voorlopig opgelos is deur voorwetenskaplike denke waaruit 'n werkwêreld ontstaan het: die biblioteekwese van die verlede en, in groot mate, die hede, gesien as 'n geheel van tegnieke en instrumente. Teneinde doeltreffendheid van die biblioteekwese as werkwêreld te verhoog, het ons 'n wetenskap of teorie van die biblioteekwese nodig, wat op basiese navorsing gegrond is, met betrekking tot die rekord, sy aard, vorme, funksies, die verskillende wyse waarop dit gebruik word, sy gebruikers, in die verlede en die hede, asook van daardie koöperatiewe sisteme wat ontwikkel is om gemeenskaplike oogmerke te bereik. Hierdie totaal van kennis, die kenwêreld van die biblioteekkunde, moet die grondslag bied vir die antisipasie van die toekoms.

---

1. Georg Leyh. *Die Bildung des Bibliothekars.* Kopenhagen, 1952. p. 89-90.
2. L. Brummel. *Bibliotheek, Wetenschap en Bibliotheekwetenschap Rede uitgesproken ter aanvaarding van het ambt van bijzonder Hoogleraar in de Bibliotheekwetenschap aan de Universiteit van Amsterdam.* Den Haag. 1960. p. 6.
3. E. Husserl. *Logische Untersuchungen.* 4 Aufl. Halle a. S., 1928. p. 12.
4. Charles Sanders Peirce. *Minute Logic.* 1902. Section 1 ch. 2, opgeneem in *Collected Papers.* Cambridge Mass. 1931. Vol. 1 p. 104-105.
5. Paul Natorp. *Die Logische Grundlagen der exakten wissenschaften.* Leipzig Berlin, 1910. p. 16-17.
6. Polak. *„De zin van kennistheoretiese subjekten"* ANTWP. 27:7-15, 1934.
7. G. A. van Riemsdyk *„De organisatie van de arbeid in de bibliotheek"* *Bibliotheekleven* 17:96-124 en 19:119-, 1934.
8. Peirce Butler. *An Introduction to Library Science.* Phoenix ed. Chicago, 1961. p. 29.